

Christus is ons goeie Herder wat ons vir ewig in die geborgenheid van God se omvattende sorg en beskerming laat leef.

ds. PJ Kriel

Begrafnis: Esmarie de Lange.

11.02.2017

Inhoud Die preek wys op die omvattende sorg en beskerming van God in Psalm 23 waarmee Hy ons binne sy goedheid en troue liefde vir ewig laat leef. Dit wys dat Jesus Christus hierdie wandel met God met sy heilswerk vir ons vervul het. Esmarie de Lange het 'n gewas teen haar brein ontwikkel wat haar gedeelte blind gemaak het en verwyder moes word vir 'n kans om te kan leef. Sy het nie uit die operasie weer wakker geword nie, is breindood verklaar en die familie het bygestaan terwyl die masjiene afgesit is. Die preek wys waar sy haar krag vandaan gekry het om haar blindheid, dood en verlies van haar gesin te aanvaar en waar hulle die krag vandaan kry om sonder haar met die Here te wandel.

Skriflesing Psalm 23; 1 Korintiërs 1: 15: 20 – 26, 53 – 58.

Teksvers: Psalm 23 vers 1: 1: “Die Here is my Herder, ek kom niks kort nie.

Tema: Christus is ons goeie Herder wat ons vir ewig in die geborgenheid van God se omvattende sorg en beskerming laat leef.

1. Die hele evangelie oor wie Jesus Christus as ons Here is, word in Psalm 23 in 5 woorde kragtig en volledig opgesom: die Here is my Herder.

In hierdie kort sin word die Here se volledige en omvattende sorg en beskerming vir sy kinders openbaar. Die Here is in sy goedheid en troue liefde altyd besig om ons omvattend te versorg en te beskerm.

Herder!

Met hierdie verheerliking van God as Herder word die lewe as 'n wandel met God openbaar. Alles wat Jesus Christus kom doen het sodat God ons met Hom in sy goedheid en getroue liefde kan laat wandel, word in hierdie verheerliking van God verwoord.

Die Here is my Herder! Hy laat my in sy goedheid en troue liefde wandel.

2. Met hierdie verheerliking van die Here as Herder, sluit Dawid 'n baie spesifieke wanbeeld oor God uit. Die Here is nie ons morele leier nie. Die Here is nie ons geestelike leier nie. Geestelike en morele leiers is maar net mense wat vir jou wil vertel wat jy moet doen en hoe jy moet leef. Mense wat vir jou die pad van die lewe wil wys.

Die Here openbaar Hom as Herder.

Christus is ons goeie Herder wat ons vir ewig in die geborgenheid van God se omvattende sorg en beskerming laat leef.

Hy is die Een wat sorg vir dit waarvoor ons nie kan sorg nie. Hy is die Een wat beskerm waar niemand kan help nie. Hy is die Een wat voorsien in dit wat ons nie eers kan bedink wat ons nodig het en ons beskerm teen dit wat ons nie eers as dreigende gevare ken nie.

Herder beteken Hy het die krag om te bewerk wat Hy gee. Wanneer die Here ons versorg en beskerm moet Hy nie iewers iets gaan leen, koop of verkry om te sorg nie of kragte moet inroep om te help beskerm nie. Hy is die Skepper. Hy maak alles waarmee Hy ons volledige versorg en beskerm.

Hy maak nie op iemand anders staat of moet iewers krag vandaan kry om te sorg nie. Die Here is my Herder, openbaar dat Hy uit sy Almagtigheid en sy Alomteenwoordigheid self alles maak vir omvattend sorg.

3. Die openbaring van die Here as Herder wys nog meer. Dit wys dat God nie net voorsien wat nodig is nie, maar teenwoordig is om alles wat nodig is self mee te deel. Hy is self beskermend teenwoordig.

Hy laat ons met Hom in sy goedheid en troue liefde wandel.

- Hy maak nie net groen weivelde nie. Hy lei my na groen weivelde.
- Hy skep nie net waters waar rus is nie. Hy bring my na waters waar rus is.
- Hy wys my nie die regte pad nie. Hy vat my saam met Hom op die regte pad.
- Hy gee ons nie net krag vir die doodsvalleie nie. Hy is self met ons in die doodsvalleie.

4. Hierdie openbaring van God se omvattend sorg word met net so kort en kragtige geloofsbelydenis geantwoord: Ek kom niks kort nie.

In hierdie woorde verklaar Dawid uit die geborgenheid van wie God vir Hom in sy lewe as God is, sy vaste vertroue in die genoegsaamheid van God se omvattend sorg en beskerming.

Ons mag sy verklaring van sy vertroue in God nie sien as die selftevreidenheid van iemand wat alles gekry het wat sy hart begeer het nie, nog minder as 'n verklaring van 'n geloofsopvatting oor God nie. Dit is die misgissing wat ons hoor wanneer ons die woord "geloof" deesdae hoor, dat 'n geloofsbelydenis 'n verklaring van 'n eie mening, 'n eie oortuiging of 'n aangeleerde stel leerstukke is.

Vertroue in God kom deur die geborgenheid van hoe God werklik God is in die regte lewe, nie uit menslike menings of leerstukke nie. Vertroue in die Here kom deur die wyse waarop God met ons wandel en ons met Hom laat wandel.

Christus is ons goeie Herder wat ons vir ewig in die geborgenheid van God se omvattende sorg en beskerming laat leef.

Dawid vertrou God vir hoe Hy as God Dawid lei op die pad wat God vir Dawid voorberei het – die Here wat hom op die pad lei wat Hy vir Dawid die regte pad laat wees.

5. Hoe lyk die regte pad wat God Dawid op lei, die pad waarop God Dawid in sy goedheid en getroue liefde laat wandel?

Dit is waarskynlik dat Dawid hierdie Psalm geskryf het juis in of oor 'n tyd soos Saul se vervolging. 'n Tyd waarin hy van een wildernis na die ander onherbergsame plek moet vlug vir sy lewe vir 'n jaloerse koning. As vlugteling moes hy alle voorspoed en gemak van die lewe opoffer en ontbeer. Die regte pad waarop die Here Dawid lei, is die pad waar hy in die belofte om koning te word, 'n vlugteling vir sy eie lewe is deur 'n magsugtige koning.

Op hierdie pad om vlugteling vir jou lewe te wees, het Dawid die Here as Herder leer ken in sy omvattende sorg en beskerming binne hierdie doodsgevaar.

Die regte pad vir Dawid was om 'n krygsheer te wees, in ons taal 'n veggeneraal. Hy het gereeld in 'n regte veldslag met regte mense wat hom dood wil maak, die dood as 'n teenwoordige werklikheid geken. Hierdie verklaring van vertroue in God se sorg en beskerming is juis op die pad waar die Here sy vriende en volgelinge in gewapende stryd laat sterf het en hy ook enig tyd kon sterf.

Die regte pad waarop die Here Dawid lei en met Hom wandel as God, is 'n swerwersbestaan met werklike lewensontberings en lewensbedreigings

6. In hierdie swerwersbestaan, verlies, swaarkry, bedreigings en werklike stryd teen die dood, spreek Dawid hierdie vergenoegdheid met God en die pad waarop God hom laat wandel uit: Ek kom niks kort nie.

Vergenoegdheid is heeltemal iets anders as selftevredenheid.

Selftevredenheid is die behaaglikheid van 'n mens wie se hartsbegeertes almal vervul is, wat alles gekry het wat hy wou gehad het, soos hy dit wou gehad het, wat gerus kan sit omdat daar geen bedreigings of doodsgevare is nie. Selftevredenheid is die behaaglikheid in jou vervulde begeertes.

Vergenoegdheid is die geborgenheid dat die Here my met Hom in sy goedheid en troue liefde as Herder laat wandel. Vergenoegdheid is die geborgenheid dat die Here my in hierdie wandel altyd omvattend versorg en beskerm.

Vergenoegdheid kom uit die vertroue in 'n Here wat ons met Hom as Herder laat wandel. Net waar ons Hom so ken en ons eie lewe so ontdek, Hy laat my in sy

Christus is ons goeie Herder wat ons vir ewig in die geborgenheid van God se omvattende sorg en beskerming laat leef.

goedheid en troue liefde met Hom wandel, kan ons met God en ons lewe vergenoegd wees.

Daarom is die verklaring: Ek kom niks kort nie, die lewenshouding wat pas by die geloof, die Here is my Herder!

7. Esmarie het die laaste 8 maande in hierdie geborgenheid met die Here gewandel: die Here is my Herder, ek kom niks kort nie!

Sy moes die werklikheid aanvaar dat die pad waarop die Here haar geneem het, was 'n pad waarin sy besig was om blind te word. Dit het haar in 'n rousmart in geruk waarin sy die verlies van haar sig stuk vir stuk moes deurworstel

Sy moes aanvaar dat sy haar selfstandigheid moes opgee. Die selfstandigheid om self te kan bestuur, self die kantoorhouding van die plaas te kan doen, self haar gesin te kan versorg en haar self te kan versorg.

Die verwondering waarvoor haar gesin, vriende en familie gestaan het, is dat met elke tree van verdere verlies, sy elke keer weer nuwe lewenskrag gekry het om haar lewe met al die verlies, weer op te neem en met ywer en verantwoordelikheid weer met alles net aan te gaan.

Kan u die woorde van die Psalm hierin hoor, "Hy gee my nuwe krag"? Nie nuwe krag omdat ek selftevredenheid gekry het in die behaaglikheid dat my hartsbegeertes vervul word nie. Dit het sy dag vir dag net meer en meer verloor.

Terwyl sy nie meer die gesigte en liggame van hulle vir wie sy lief het, kon sien nie, en moes aanvaar dat sy baie van hulle lewe nooit sal kan sien nie, het sy weer nuwe krag gekry om net weer ywerig te lewe.

Waarin het sy elke keer weer hierdie nuwe krag gekry in alles wat sy verloor het?

In hierdie geborgenheid! Die Here is my Herder! Hy laat my wandel op die pad wat Hy vir my as die regte pad bestem het. Hy sal my versorg en beskerm terwyl Hy my in sy goedheid en liefde laat wandel!

Want blindes wandel ook in die liefde en sorg van God. Ek kom niks kort nie!

Waar anders?

8. Die Here Jesus is ons Herder!

Christus is ons goeie Herder wat ons vir ewig in die geborgenheid van God se omvattende sorg en beskerming laat leef.

Deur sy dood en opstanding het Hy ons ingesluit in die goedheid en troue liefde van God vir ewig. Dit is wat ons ontvang in hoe die Here vir ons Herder is! Die ewige lewe! Die ewige lewe beteken dat die Here ons vir ewig met Hom laat wandel, dat die Here ons vir ewig in sy goedheid en troue liefde laat leef en dat niks ons uit sy goedheid en troue liefde kan ruk nie.

In Psalm 23 vers 4 lees ons in die 1983 vertaling: “In u hande is ek veilig.” In die Hebreeus staan dit so: “Dit is u staf en u stok wat my gerusstel.” Die staf van die Herder was ’n lang stok met ’n haak voor waarmee hy skape wat afdwaal nader trek op die pad wat hy hulle lei sonder om hulle seer te maak. Die stok was ’n knuppel met spykers waarmee hy alle wilde diere verdryf het wat hulle uit hierdie wandel wou wegruk.

Niks kan ons uit die manier waarop die Here met ons wandel en in sy troue liefde en goedheid laat deel wegruk nie.

Gerusgestel in donker dieptes deur die Here se stok en staf!

Die Here wandel met ons in en deur donker dieptes. Donker dieptes beteken regtig regte donker. Binne die diep klowe van die onherbergsame dele van Israel beteken dit dat die herder lei die skape waar hulle niks kan sien nie. Hulle kan met hom bly wandel terwyl hulle in donker dieptes niks meer self kan sien nie.

Donker dieptes bring verskrikking. Om te moet loop deur gevaarlike plekke terwyl jy self niks meer kan sien nie, bring verskrikking. Die 53 vertaling stel dit so: “Ek sal geen onheil vrees nie, want U is met my.” “Onheil vrees” beteken om paniekbevange te word oor die gevare wat jy nie meer kan sien kom nie.

So gerus gestel in donker uitsiglose dieptes, dat ons nie verskrik word, paniekbevange word nie, maar met die Here, ons Herder bly wandel!

9. Hoe volg jy die Herder in donker dieptes? Want jy kan ook nie meer die Herder sien nie!

Jy volg sy stem!

Donker dieptes is die regte pad waarop Hy ons laat wandel. Donker dieptes is nie die verkeerde pad nie. Donker dieptes beteken nie Hy het ons verlaat het of ons het afdwaal nie. Donker dieptes is die weg waarin Hy ons voorgaan om met Hom te wandel.

Daarom volg jy net sy stem in donker dieptes, want Hy is voor besig om te stap in die donker om jou daardeur te lei met Hom.

Christus is ons goeie Herder wat ons vir ewig in die geborgenheid van God se omvattende sorg en beskerming laat leef.

Dit is die geborgenheid wat verwoord word in hierdie vertrouwe wat Dawid in die Here stel: Die Here is my Herder wat my deur die vallei van doodskaduwee lei, ek volg sy stem wat my in sy goedheid en getroue liefde hierdeur lei as my regte pad.

In donker dieptes is ek nie buite en sonder sy goedheid en troue liefde nie! Daarom volg ek Hom in sy Woord wie ek nie meer kan sien of verstaan in my donkerte nie.

10. Jesus Christus het Homself die Herder gemaak wat vir ons die werklike dood ook net 'n vallei van doodskaduwee gemaak waardeur Hy ons lei. Die Here het die dood ook net 'n donker diepte gemaak waardeur Hy self ons lei om in en deur die dood met Hom te kan bly wandel. Ons Herder gaan self in die dood in om dit vir ons net 'n doodsvallei te maak waardeur Hy met ons bly wandel.

Dit verkondig Paulus in hierdie woorde: “Maar nou, Christus is opgewek uit die dood, as eersteling uit die wat gesterf het. Aangesien die dood deur 'n mens gekom het, het die opstanding van die dooies ook deur 'n mens gekom. Net soos almal deur hulle verbondenheid met Adam sterf, so sal almal in Christus lewend gemaak word. Maar daar is 'n volgorde: die eersteling is Christus daarna by Christus se koms, dié wat aan Christus behoort, daarna kom die einde. “ (1 Kor. 15: 20 – 24)

Hy gaan self die dood in as oordeel van God oor sondaars en staan uit hierde oordeel op om ewig deel van die goedheid en getroue liefde van die God die Vader te wees. Daardeur maak Hy die dood 'n deurgang na die opstanding uit die dood, om ewig in God se goedheid en liefde te wees.

11. Wat het die Here in sy graf agter gelos?

Nie sy siel as mens nie, nie sy gees as mens nie en ook nie sy liggaam as mens nie. Niks van wie en wat die Here as mens is, het in die graf agter gebly nie. Die Goeie Herder het deur die dood heengegaan om weer volkome mens in sy Vader se omvattende sorg te wees.

So is Christus Herder. Hy het die dood oorwin. Hy is nie ons metgesel waar Hy soos ons almal dan net tot by die graf gaan nie. Hy is Herder in die dood en deur die dood op so wyse dat die dood nie meer die engel het om ons godverlate te laat wees nie, buite die sorg en troue liefde van God nie.

Ons deel hierdie oorwinning: nie net God by my in die dood nie, maar die Herder wat my weer heel na liggaam, siel en gees as mens binne sy nuwe skepping sal laat leef. Omvattende versorg en beskerm in die heelheid van ons menswees!

Christus is ons goeie Herder wat ons vir ewig in die geborgenheid van God se omvattende sorg en beskerming laat leef.

Die Here is nie ons geestelike leier en mentor op pad na die graf en met hulle wat na die graf met die lewe moet voortgaan nie. Die Here is die Goeie Herder. Hy maak van die donker diepte van die dood, 'n pad om met die Here te wandel binne die goedheid en troue liefde van God. Daarmee deurbreek die Here die mag van die dood as die einde van God se wandel met ons.

Die dood is nooit ons einde nie. Dit is die pad na die einde, ons feesmaal met die Here as ons gasheer wat ewig met ons wandel.

12. Die besondere van die pad waarin Esmarie met die Here gewandel het, was dat sy reeds aan die einde van verlede jaar haar dood as deel van haar pad met die Here aanvaar het.

Daarom het sy al sedert verlede jaar begin rou met die smart dat sy haar geliefdes en haar lewe saam met haar geliefdes gaan verloor. Haar hele optrede na die doktersbesoek van Januarie wys dat sy aanvaar het dat sy deur hierdie donkervallei moet gaan.

- Sy het al die bankbesonderhede, besigheidsbesonderhede en nodige inligting vir die bedryf van die boerdery gedokumenteer en gereed gekry sodat Stef nie na haar dood enige moeilikheid daarmee sou hê nie.
- Sy het op haar manier haar gesin op hierdie werklikheid stukkies vir stukkies begin voorberei as deel van haar sorg en liefde terwyl sy vir hulle briewe opgestel het om hulle self as vrou en ma te troos met haar sterwe en om haar liefde aan hulle te betuig omdat sy self nie meer met hulle sou wees nie.
- Sy het haar laaste wense oor haar begrafnis ook opgestel en vir hulle nagelaat.

In rou en smart, bang vir die onbekende en weemoedig oor al die liefde wat sy verloor en nie meer deel van sal wees nie, maar nie paniekerig verskrik nie! In die donker diepte van die sekerheid van haar dood, maar steeds besig met sorg en liefde!

Sy het nie haar donkerte 'n gat gemaak waarin sy haarself en almal om haar verloor het nie. Sy het haar donkerte nie 'n verskrikking laat word sodat sy ontken het wat haar pad is en probeer maak het om aan te gaan asof sy nie sal doodgaan nie.

Esmarie het haar dood aanvaar, maar nie omhels nie.

Daarom het sy nie haar gelate en desperaat aan die dood oorgegee nie. Die kans op lewe wat daar was, het sy aangegryp.

Christus is ons goeie Herder wat ons vir ewig in die geborgenheid van God se omvattende sorg en beskerming laat leef.

Sy het die krag gekry om 'n operasie te aanvaar, wat die gevaar ingehou het dat sy nie weer uit die operasie sou wakker word nie, as 'n verantwoordelikheid teenoor haar lewe en haar lewe vir haar gesin.

Vergenoegd met die lewe wat sy kon hê, vergenoegd in en deur die dood: Ek kom niks kort nie!

13. Waar het sy haar krag gekry om so diep ingrypende aanvaarding te kon maak, so groot risiko te kon maak terwyl sy steeds aangehou het om met haar die verantwoordelikhede van haar lewe, selfs na haar dood, steeds besig te bly?

Die Here is my Herder, ek kom niks kort nie,
Hy lei my op die regte paaie,
selfs al gaan ek deur donker dieptes,
in U hande is ek veilig.

Tot in haar laaste oomblikke voor die operasie was Esmarie vrou, ma en kind. Sy het haar geliefdes nooit opgegee nie. Sy kon nie. In haar laaste gesprekke was sy nog sorgsaam teenoor elkeen.

Nou hoe kon sy in dit ingaan wat sy as haar moontlike dood reeds aanvaar het?

Net op een manier en dit is hoe sy dit ook vir haarself verwoord het:

Ek was vir jou kind, vrou en ma,

maar

Die Here is julle Herder, julle sal niks kort nie,
Hy sal julle op die regte paai lei,
selfs al gaan julle deur donker dieptes,
in sy hande in julle veilig.

14. Met hierdie geborgenheid oor hoe God alles gedoen het sodat Hy ewig met ons as Herder sal wandel, ook deur die dood heen tot 'n feesmaal om ewig in God se goedheid en getroue liefde vir ewig te bly, het sy van haar geliefdes afskeid geneem, en het sy daarmee vir ons die voorbeeld gestel oor hoe kan ons ook nou van haar afskeid neem.

Christus is ons goeie Herder wat ons vir ewig in die geborgenheid van God se omvattende sorg en beskerming laat leef.

Die Here is haar Herder wat haar deur hierdie donker diepte gelei het om met Hom in sy goedheid en liefde te wees. Die Here gaan ook vir ons as familie en gemeenskap die Herder wees in die donker dieptes wat nou vir ons wag:

- die donker diepte van 'n lewe as man sonder die vennoot wat die besigheid bestuur en gadministreer het, die donker diepte van 'n vrou wat alles gedeel het en met alles saam geleef het,
- die donker diepte van die lewe as kinders sonder die ma wat ons versorg en lief gehad het en 'n ma wat ons so maklik kon liefhê,
- die donker diepte vir ons as gemeenskap wat benoud staan in die verlies van Stef en sy gesin, hoe magteloos ons is om hulle verlies te kan beter maak, en hoe maklik dit met ons elkeen kan gebeur.

15. Laat die pad wat die Here met Esmarie gewandel het en waarin sy die Here vertrou het as haar Herder, vir ons ook 'n inspirasie wees in die donker dieptes waardeur die Here ons sal lei na groen weivelde en waters waar rus is.

As sy in sy goedheid en troue liefde elke keer weer nuwe krag kom vind om tot in die dood met die Here te wandel in die geborgenheid oor wie Hy gaan wees, dan gaan die Here ook so ons Herder wees in die pad waarmee Hy met ons wandel!

Uit hierdie donker diepte sal Hy ons lei om te rus in groen weivelde en bring by waters waar daar vrede is.

- Ons hoef nie, kan nie en mag nie van ons donker dieptes, grotte en hokke maak waaruit ons voel ons nie weer kan kom nie.
- Ons kan nie en hoef nie van ons donker dieptes terug te diens deur te maak asof alles net lig en vrolikheid is nie.
- Ons hoef nie, kan nie en mag nie verskrik raak omdat ons selfs niks meer kan sien wat ons wil sien en kan voel wat ons wil voel in ons donkerte nie.

Ons het 'n Herder wat voorgaan en sy Woord gee om Hom te volg! Kom ons volg Hom en vertrou op die Woord wat ons kan hoor terwyl ons niks kan sien of voel nie. Dit is hoe Hy Esmarie tot die nuwe lewe gelei het, wat Hy vir haar gegee het deur self deur die donkerte van die dood heen te gaan.

Kom ons neem afskeid van Esmarie in hierdie geborgenheid vir haar en vir ons:

Die Here is ons Herder, ons kom niks kort nie.
Hy lei ons op die regte paaie,
selfs al gaan ons deur donker dieptes,

Christus is ons goeie Herder wat ons vir ewig in die geborgenheid van God se omvattende sorg en beskerming laat leef.

in sy hande in ons veilig,
Hy laat ons rus in groen weivelde,
Hy bring ons by waters waar daar vrede is,
Hy gee my nuwe krag.